*KLIP-IN-DIE-BOS* *TRAILING COAT-TAILS*

# Die Pers, die Medici en 'n Sesling

JACK VIVIERS

'n Telefoongesprek uit die Groote Schuur-hospitaal aan die nuusredakteur van *Die Burger* vroeg op 'n Sondagoggend ses jaar gelede het alles begin. Drie sinnetjies uit die gesprek het die atmosfeer geskep vir die stryd wat sou volg.

Ons het 'n hart oorgeplant. Wat beteken dit? Sou julle dit op die voorblad plaas?

Drie dinge was onmiddellik duidelik: deurbrake in mediese navorsing is deel van Jan Publiek se wêreld; koerantmanne weet niks van medisyne nie; dokters weet niks van joernalistiek nie.

Dit was onvermydelik dat 'n botsing wat soms baie naby bloedvergieting gekom het, hom in die driehoek sou afspeel. Twee teenoorgestelde pole het reg in die openbaar gebots: dokters wat die privaatheid van hul pasiënte met hul eed beskerm en koerantmanne wat ten alle koste alles moet sien en weet.

Ses jaar van James Bond-eskapades, histeriese uitbarstings, oor-en-weer praat en leer, dreigemente van dagvaardings, etlike kilometers van beeldradiofilm en derduisende gedrukte woorde later, het die Kaapse perskorps die Mowbray-kraaminrigting beleër vir die verwagte koms van die sesling.

Skielik was alles egter anders. Pleks van donker nagte in die reën voor 'n hospitaal, met dokters wat die deure gesluit het en koerantmanne wat knieë knoop omdat g'n toilet in sig is nie, is die pers binne genooi, tee is voorgesit en ruskamers is tot hul beskikking gestel.

Die moeder van die sesling was nog nie uit die operasieteater nie toe die perse al begin rol met alles en nog wat oor die keisersnee, die babas en hul moeder. Selfs die dokters was afgehaal omdat geen foto's dadelik moontlik was nie.

In die dae daarna het koerantmanne en dokters in die hospitaalgange gesels, nie soos voorheen 'n gestryery en byna vuisgevegte oor joernaliste in wit jasse wat in die hospitaal betrap is nie, maar eerder rustige gesprekke oor die werk van Liggen *et al.*, en of dit as genoegsame bewys geneem kan word dat kortisoon 48 uur voor barensnood selfs 'n vroeggeborene met ten volle ontwikkelde longe die lewenslig laat sien.

Die verandering het oor baie jare gekom — en na baie moeite, teleurstelling en stryery, maar dit het gekom. Daar is nou nuwe respek tussen koerantmanne en dokters, en in sommige gevalle is elkeen spesialiste in hul eie reg. Die koerantmanne moes soms nagte deur worstel met tegnies-mediese boeke om vrae aan dokters te stel — en te begryp wat hulle antwoord — en dokters moes leer dat dit vir die pers net so belangrik is om te weet wat 'n pasiënt gesê of geëet het, as wat dit vir hulle belangrik is om te sorg dat die vroeggeborene se bilirubienvlak nie hoër as vyftien milligram per honderd milliliter styg nie.

Daar is dus nou 'n feitlik vrye vloei van inligting oor die pasiënt se bloeddruk, sy stoelgang, sy lewensverwagting, byna alles wat gevra kan word — maar ook net soms.

In baie ander gevalle is daar nog steeds 'n gestoeiery oor wat die pers wil weet en uiteindelik verloor albei: die dokters omdat nuus wel die pers bereik, en die pers omdat die nuus meesal nie heeltemal korrek is nie.

Dat die koerantmanne verlede jaar vir die eerste keer by die SA Mediese Kongres vrye teuels gegee is, het baie gehelp om die pad vorentoe oop te maak.

Koerantmanne moet net nog leer dat dokters nie hul pasiënte hóéf te bespreek nie, en dokters dat daar by elke koerant joernaliste is wat nie met elke sin verdraaid en dokter se naam en al pers toe hardloop nie. Die samewerking tussen die pers en dokters moet nog verder uitgehamer word. Hoe gouer dit gebeur, des te beter.

Beter omdat dokters se grootste taak in 1974 voorkomende geneeskunde is, en dit kan hulle net doen as hul toekomstige pasiënte deeglik bewus is van wat hulle in sommige onbesonne oomblikke met die fyn werking van die liggaam doen. Die koerante se grootste rol in die medisyne is dieselfde as hul openbare rol: opvoeding. Geen demokratiese volk

kan homself sonder die vrye vloei van inligting regeer nie en niemand kan homself sonder die gedrukte woord opvoed nie.

Wat bly oor van die pasiënt se privaatheid? Daarmee moet dokter èn persman ligloop, veral omdat persoonlike privaatheid deesdae al hoe meer geskend word. In etlike kantore in Suid-Afrika staan kompers met meer persoonlike inligting van mense as wat hulle self besef. Banke weet meer van hul kredietrisiko, en rekeninge wat jare gelede vergete gebly het; en versekeringsmaatskappye weet meer van hul vergete siektes en kwale as hul huisdokters. Skryf 'n ongelukkige huurkoper 'n briefie om 'n paar dae uitstel te vra vir 'n paaiement, weet elke groot sake-onderneming in die land dit binne 'n week. Is dit privaatheid?

Wat die pers soms oopvlek, is sy liggaamskwaal en sy eie stryd teen die siekte. Al doen dit niks anders nie, gee dit moed aan 'n ander wat êrens met dieselfde kwaal gepla is en maak dit sy lyding ietwat ligter. Watter dokter kan daarteen beswaar hê?